netwerk24.com

# Waarde van berigte in koerant teenoor dié op selfoon

Send to Kindle



Tradisionele vorms van joernalistiek, soos koerante, ding deesdae met sosiale media mee. Foto: Unsplash

Die Kaapse Naspers-besluitnemers besef waarskynlik nie dat elke provinsie in die noorde en 99% van die dorpe en stede in die noorde reeds 30 jaar lank deur die ANC geregeer word nie.

Daarteenoor het die ANC nog nie een keer 'n provinsiale verkiesing in die Wes-Kaap gewen nie. Dit maak die omstandighede in die noorde totaal anders as in die suide.

Beeld het hierdie unieke omstandighede in die noorde gereeld belig. Nou word Beeld en hierdie nuushoek uit die noorde heeltemal van die tafel gevee.

Ek beweeg gereeld tussen die noorde (Pretoria) en die suide (Kaapstad). Ek vind *Die Burger* interessant, maar omdat ek in die noorde woon, stel ek nie regtig belang watter paaie in die binneland van die Wes-Kaap verspoel het en wat in elke Matie-koshuis gebeur nie.

In ’n groot en ingewikkelde land soos Suid-Afrika is daar baie verskillende belange wat deel is van ons diversiteit. Dit blyk dat baie van die probleme juis ontstaan omdat alles gesentraliseer en besluite myle weg van mense geneem word. Met die tot niet maak van koerante soos Beeld word die nuus ook op dié wyse gesentraliseer en beweeg so ’n besluit teen die huidige denkstroom van desentralisasie in die land.

As digitalisering dan onvermydelik is, waarom word Beeld se digitale formaat ook verskraal? Ek hou daarvan om self te besluit wat ek as die belangrikste nuus van die dag ag. Die nagredakteur besluit wat hy/sy as die voorbladstorie en hoofnuus aanbied. Ek mag daarvan verskil. Daarom blaai ek die koerant eers vinnig deur om ’n oorsig te kry oor die nuusaanbod van die dag. Dan, met die tweede deurgaan, lees ek die berigte wat vir my belangrik is.

Sonder ’n gedrukte koerant of ’n digitale weergawe in koerantvorm is dit glad nie moontlik nie. Soos die nuus nou digitaal (sonder koerantuitleg) aangebied gaan word, besluit die tuisbladredakteur watter vyf berigte om 08:00 die oggend op my foon as die belangrikste nuus beskikbaar is. As ek om 16:00 weer kyk, het hy/sy besluit op vyf ander berigte. Omdat ek nie tyd het om in diepte deur al die digitale berigte onder mekaar te gaan nie, mis ek daardie een storie wat vir mý baie belangrik is. Ek praat nie eens van my ma en al haar vriendinne wat nie rekenaarvaardig is nie en nou worstel, of hulle sal nou teen hul sin na die Engelse gedrukte koerant moet oorskakel.

In die 1970’s was daar verskeie oggend- en middagkoerante in Afrikaans in die noorde. Naspers het met Beeld aangekondig dat hy na die noorde toe kom om

die koerante te vernietig. Hulle het daarin geslaag en daarna ’n Afrikaanse dagbladpers-monopolie in die noorde gehad. Nou onttrek Naspers hom aan die noorde en veroorsaak berekend ’n vakuum.

Iewers is daar groot fout en ’n onbillikheid in hierdie tipe denke. En dit terwyl niks in die Kaap verander nie.

---

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/gesels-saam/waarde-van-berigte-in-koerant-teenoor-die-op-selfoon-20240807